# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 226
17 Mei 2024

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto


**In hierdie uitgawe:**


**Redaksioneel**

**Berigte** — **GHG Bestuur**

**Predikante bestekopname**

**Schweizer-Reneke**

**Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

**Baanbrekers**

Die geskiedenis van die wêreld is deurspek van mense wat as baanbrekers beskou word. Dit beteken nie dat alle baanbrekers as sodanig verstaan word nie. Nie alle baanbrekers se prestasies word ewe hoog geag nie. Dan is daar die baanbrekers wie se manewales noembaar is, maar eerder aanleiding gee daartoe dat hulle berug eerder as beroemd gesien word. Daar is selfs baanbrekers wie se bydraes vergete is - of nooit eens raakgesien word nie.

Die enkelinge wat in die geskiedenis uitstaan as baanbrekers, kom uit alle velde en dissiplines van menslike denke en aktiwiteite. So byvoorbeeld; Elke nuwe era in musiek kan toegedig word aan nuwe, innoverende of selfs radikale nuwe style deur enkelinge ingelei. Die mode-wêreld is deurspek van kansvatters en ware baanbrekers. Klassieke -, barok -, jazz - ,ruk-en-rol -, kletsrym musiek se baanbrekers kan aangedui word. Dieselfde geld in ander vorme van kuns, filosofie en die wetenskappe. In verskillende velde word hierdie baanbrekers erkenning gegee deur byvoorbeeld die Nobel- en die Pulitzer-pryse. Nie alle ontvangers wat die Nobelprys ontvang, is baanbrekers nie, maar talle baanbrekers ontvang die prys.

Nie alle baanbrekers is enkelinge nie. Soms neem 'n lid van 'n span of groep só leiding dat die deurbraak aan hulle toegedig word. Neil Armstrong se eerste tree op die baan was baanbrekend van aard, en tog was daar meer as 400 000 werknemers betrokke by NASA se Apollo program. Daar was iewers tussen 86 en 89 mense aan boord van die skip toe Columbus Amerika ontdek het.

Op eie bodem: Jan van Riebeeck het op 6 April 1652 by die Kaap aangekom met drie skepe te wete; Reiger, Dromedaris en Goede Hoop. Saam met hom was 82 mans en 8 vroue. Twee van sy vyf skepe waarmee vertrek is uit Holland, te wete Walvisch en Oliphant het later gearriveer - nadat hulle 130 begrafnisse ter see gehad het. Christiaan Barnard het in 1967 sterk leiding geneem met die eerste suksesvolle mens-tot-mens hartoorplanting in die geskiedenis. Hy is bygestaan deur sy broer en dertig spanlede toe Louis Washkansky (53) die eerste ontvanger geword het.

Sommige baanbrekers se werk en prestasies hoort tot die donker kelder van menslike skande. Die tweede Anglo-Boere oorlog merk verskeie baanbreker oomblikke. Die volgehoue suksesvolle weerstand deur die Boere dui op die begin van guerrilla oorlog taktiek. Dit is die walglike besluit van Lord Kitchener in 1901 om 'n verskroeide aarde beleid in te

stel wat in die Tweede Wêreldoorlog sy hoogtepunt sou bereik.

Konsentrasiekampe en die direkte oorlogvoering teen burgerlikes (lees vroue en kinders) is die twyfelagtige roem van daardie '*baanbreker'* Kitchener.

In ligter luim; diegene wat innovering gebring het, is nie almal ewe bekend of berug nie. Nie alle prestasies is ewe opspraakwekkend nie. In eie geledere is daar baanbrekers wat nooit aardskuddende hoogtes gaan bereik nie, maar hulle loop voor in denke en benaderings. Elke gemeenskap het sy baanbrekers en kansvatters.

Dit is veral in die regsveld waar die skarminkel-baanbrekers na vore tree, of nooit erkenning (tronkstraf) kry nie. Weet ons al wie het die Krugersdorp tonnel na die bank gegrawe? In vandag se terme het hulle met meer as vyftig miljoen rand weggekom. Diewe kom telkens met gemene, innoverende maniere om mense van hulle eiendom te vervreem. Baanbrekerswerk van 'n ander aard, lei tot baanbrekerswerk in sekuriteit.

Soms is die baanbrekers se werk gewoon om die noodsaaklike teenreaksie te bied teen twyfelagtige aanslae. Soms word hierdie mense dan skeef aangekyk, dit lyk soms asof hulle Don Quixote-styl windmeulens bestorm. Soos byvoorbeeld die stryd teen 'woke'. Voor baie mense van die woord geweet het, of selfs verstaan het wat dit impliseer, was daar mense wat sterk standpunt ingeneem het en gewaarsku het. Brandwagte van die sedes en denke wat baanbrekend die teenreaksie teen 'n vernietigende ideologie begin het. Somtyds net om te kan terugkeer na dit wat reg en ordentlik is.

Nie almal gaan erkenning ontvang nie, nie alle baanbrekers is opbouend in benadering nie, en tog elke een van ons kan baanbrekers wees. Al is dit om die baan terug te breek na die goeie weg en Waarheid. Die GHG se predikante (en regspan) is baanbrekers wat die mos en stinkgras van dwaling in die NHKA weggekap het, en self teen hoë persoonlike koste volhard het met die terugkeer pad.

Johan Otto

# BERIGTE

## GHG BESTUUR

Die GHG se bestuur vergader Vrydag 24 Mei 2024. Enkele sake van belang op die agenda, is die beplanning van die ingeperkte Bondsvergadering waar net die finansiële state goedgekeur sal word. Enige saak wat lesers onder die bestuur se aandag wil bring vir koördinasie en advies, kan na dr. Otto of ds. Marais aangestuur word.

## PREDIKANTE BESTEKOPNAME

Gemeentes en predikante word herinner aan hierdie belangrike aksie deur die Kuratorium. Die Kuratorium vergader 7 Junie 2024 en sal graag al die inligting ter tafel wil hê:

Die Kuratorium is besig met 'n opname om na beraming te bepaal hoeveel predikante beskikbaar gaan wees in die arbeidsveld. Hierdie opname se gegewens vra na sake soos gesondheid en lewensomstandighede.

Van die praktiese faktore wat dit vir predikante moontlik maak om na vermoë voortgeset te kan werk na aftree ouderdom, is relevant. Wat is aftree ouderdom? Elke gemeente/ vereniging behoort self die finale aftree-ouderdom van werknemers in oorleg met mekaar (werknemer en werkgewer), te bepaal. Die vereiste is net dat dit redelik en

rasioneel moet geskied. Daar is nie 'n vasgestelde aftree-ouderdom nie.
Gemeentes waar hierdie gesprek nog nie gevoer is nie, word aangemoedig om wel die saak aan te spreek. Die Bondsvergadering van 2013 het bepaal dat predikante op 70 mag aftree. Daar is gemeentes wat op ouderdom 65 emeritaat toelaat. Verenigings en gemeentes word nie deur die Bondsvergadering voorgeskryf nie, en vandaar die versoek dat gemeentes in gesprek met hulle predikant daardie eerste aftree ouderdom vasstel. Daarna kan daar steeds jaar-op-jaar kontrakte wees.

## SCHWEIZER-RENEKE

Soli Deo Gloria. - Gemeente Schweizer-Reneke is 99 jaar oud.
Op 15 Mei 1925 om 15:00 is die stigtingsvergadering gehou onder leiding van di. Alers en Erasmus namens die kommissie van die Westelike streek.
Ds. PJJ Venter het afdeling Schweizer-Reneke verteenwoordig. Teenwoordig was onder andere ouderlinge J Nortjé en JH van Wyngaardt asook diaken CG van Niekerk.
Ons kyk vandag met groot dankbaarheid terug op 99 jaar van groot Genade.

## WERKKRAG BESKIKBAAR

Rustenburg gemeente en ds. Faan Visser het wedersyds ooreengekom om die werkskontrak (wat Augustus sou verval) vroeër te beëindig.
Dit beteken dat ds. Visser weer beskikbaar is om in ander gemeentes te help met preek. Hy het intussen verhuis na die Wes-Transvaal.

## KENNISGEWINGS




### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

### FINANSIERING

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuig finansiering en veilige beleggings.

